

# INFORMELE ASSESSERING

# COVID-19

## Memorandum

\* Maklik

\*\* Gemiddeld

\*\*\* Uitdagend


1. Hieronder is 'n uittreksel uit 'n skoolkoerant "South Coast Today Newspaper" wat in die VSA verskyn het. Lees die berig. \*

### South Coast Today Newspaper

Deur Aimee Chiavaroli

DARTMOUTH — 'n Tekening deur 'n graad 7-leerder, Dylan Manchester-Rogers, wat op die voorblad van die Big Green News gepubliseer was, som uitstekend op wat die meeste van sy klasmaats ervaar gedurende die koronavirus-pandemie.

Eers het dit soos vakansie  
gevoel



...maar nou is dit asof ons in  
'n borrel vasgevang is



"Eers het dit soos vakansie gevoel maar nou voel dit of ek in 'n borrel vasgevang is," lees die tekening, waar drie mensfigure vasgevang is, elk binne sy eie borrel.

Leerders by die Dartmouth Hoërskool was daaraan gewoond om by mekaar verby te stap in die skoolgange, saam met vriende tydens pouses hulle kos te eet, by mekaar te kuier na skool of die nuutste kletsnuus op te vang tydens sport-oefeninge by hulle skool of sportklub. Vir die meerderheid leerders het hierdie daaglikse roetine verdwyn sedert die skole landswyd gesluit is, aanvanklik net vir 'n maand maar uiteindelik tot die 4de Mei.

'n Ander leerling, Mackenzie Boucher, verstaan goed wat dit behels om 'n ouer te hê wat noodsaaklike diens moet verrig. Haar eie pa werk as vragmotorbestuurder vir 'n vullisverwerkingsmaatskappy.

“Ek sien hom selde gedurende die week, daarom dra ek die opoffering om die afsonderingsregulasies na te kom op aan my pa,” sê sy.

Vir Boucher is dit 'n gemis om maaltye in die kafeteria te eet sonder die mense wat deel was van haar alledaagse lewe. As gevolg van die koronavirus gaan sy nie meer deel kan wees van 'n reis saam met hulle orkers en sanggroep na Six Flags nie. Tydens hierdie jaarlikse reis versier die orkes- en sanggroeplede mekaar se jaarboeke met hul handtekeninge. Maar alhoewel sy hierdie geleentheid gaan misloop, verstaan sy hoe uiters belangrik dit is om sosiale afstand te handhaaf, liefsvlakke met mekaar te behou deur die sosiale media en om jou bes te doen om 'n positiewe ingesteldheid te behou.

“Telkens wanneer ons nie sosiale afstande handhaaf nie is dit die noodsaaklike werkers wat die prys daarvoor moet betaal, en so talle ander mense ook,” sê sy.

As lid van die Facebook ouergroep, “Dartmouth Parents 14.0”, het Mary Waite 'n reeks sport- en opvoedkundige uitdagings geskep wat kinders by die huis kan beoefen. Die ouers word dan die geleentheid gebied om deur middel van foto's te spog met die uitdagings wat hul kinders voltooi het. Die uitdagings is gerig op laerskool kinders, maar sy sal graag dieselfde wil doen vir die ouer kinders soos haar graad agt seun Lucas en graad ses seun Desmond.

Met dit as motivering het Waite, wat op die Skool se Ouerkomitee dien, besluit om hul eie skoolkoerant van stapel te stuur.

“'n Skoolkoerant haak op 'n manier aan by elke individuele kind se belangstellings en vaardighede,” het Waite gesê.

## 2. Beantwoord die volgende vrae.

- 2.1. Watter gebeure het aanleiding gegee tot die skryf van hierdie artikel in die skool se koerant? \*

**'n Tekening deur 'n graad 7 leerder, Dylan Manchester-Rogers, wat op die voorblad van die Big Green News gepubliseer was, waar drie mensfigure vasgevang is, elk binne sy eie borrel.**

2.2. Waarna het Dylan verwys toe hy hierdie prent geteken het? \*

**Sy ervaring van die COVID-19 grendeltyd.**

2.3. Wat volgens die nuusberig het leerders by die Dartmouth Hoërskool die meeste gemis sedert die COVID-19 grendeltyd ingestel was? \*

**Leerders by die Dartmouth Hoërskool was daaraan gewoond om by mekaar verby te stap in die skoolgange, saam met vriende tydens pouses hulle kos te eet, by mekaar te kuier na skool of die nuutste kletsnuus op te vang tydens sport oefeninge by hulle skool of sportklub.**

2.4. Wat is 'n "noodsaaklike werker"? Noem 'n paar voorbeelde om jou antwoord verder te verduidelik. \*\*\*

**Dit is iemand wat 'n diens verskaf waar die lewe en dood van mense op die spel is, soos bv. die brandweer, die polisie, dokters en verpleegsters, ens.**

2.5. Wat kan gebeur indien mense nie die grendeltyd regulasies gehoorsaam nie? \*

**Telkens wanneer ons nie sosiale afstande handhaaf nie is dit die noodsaaklike werkers wat die prys daarvoor moet betaal, en so talle ander mense ook.**

2.6. Wat kan ons doen om 'n positiewe bydrae te maak tydens die grendeltyd? \*\*

**Ons moet sosiale afstand handhaaf, liefs kontak met mekaar behou deur die sosiale media en ons bes doen om 'n positiewe ingesteldheid te behou.**